

Sing vooraf staande: Psalm 22:1 (p. 99)

- 1 My God, my God, waarom verlaat U my, / Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? / Op al my vrae
kan ek van U, deur al my lydensdae, / geen antwoord kry; deur donker lydensnagte
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte, / geen woord vir my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 47:1, 4 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Gebed

Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Skriflesing: Jesaja 53

Teks: Jesaja 53:9; Kategismus Sondag 16

En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie, en geen bedrog in sy mond gewees het nie. (Jesaja 53:9 AFR53)

Hier het ons smart en blydschap tegelyk, want hier het ons die dieptepunte van Christus se lyde op die aarde, maar ook reeds die deurbraak van sy heerlikheid.

- Die dieptepunt is sy dood saam met twee bendeleiers aan die kruis, terwyl Hy heeltemal onskuldig is.
- Die deurbraak van sy heerlikheid is dat Jesaja kan sê: **en by 'n ryke was Hy in sy dood.**

In sy gees het Jesaja voor die kruis gestaan.

- Hy het al die smarte gesien wat die Here Jesus oorgekom het – sy mishandeling, en ook hoe sy oë gebreek het toe Hy sterf tussen die twee rowers.
- Maar Jesaja het ook saamgestap na die tuin van Josef van Arimathea toe, waar Jesus se heerlikheid begin deurbreek. Hy word in 'n nuwe graf begrawe.
- *Die oue word dus hier deurbreek, want van nou af maak Jesus alles nuut!*

Ons verdeel hierdie preek in die volgende punte:

- 1. Onskuldig veroordeel – daarom ryk begrawe!**
- 2. Daardie begrafnis openbaar ons eie toekoms!**

1. Onskuldig veroordeel – daarom ryk begrawe!

Eers kyk ons na die dood van Christus volgens die plan van sy vyande. Jesaja skryf in vers 8 dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes.

- Hy het tussen mense gelewe sonder dat hulle met Hom kontak wou maak.
- Hulle wou niks van Hom weet nie – niks wat vir hulle saligheid van belang was nie.
- Daarom verwerp hulle Hom ook uiteindelik. Hulle eis die doodsvonnis oor Hom terwyl Hy onskuldig is.
- Saam met oortreders word Jesus gekruisig deur die mense vir wie se saligheid Hy gekom het.
- Die begunstigdes word hier sy haters wat Hom in die middel tussen twee moordenaars kruisig, so asof Hy die skuldigste is van die drie.

Almal het ook gedink dat Hy saam met die rowers begrawe sou word.

- Die gebruik van die Romeine was dat hulle die mense wat gekruisig word, aan hulle kruise laat hang totdat almal dood was.
- Daarna het hulle 'n gat laat grawe en al die gekruisigdes saam daarin gegooi en dit toegegooi.
- Dit was deel van die vloek van die dood en begrafnis van iemand wat die kruisdood verdien.

Maar met Jesus was dit anders. Die Jode was bang om Jesus soos die moordenaars te laat begrawe, want die Joodse wet het geëis dat hulle dooies **goed begrawe** moes word.

- Al het hulle Jesus veroordeel, was Hy immers tog 'n Jood!
- Daarom word die smaad Jesus gespaar om na sy dood ook nog in 'n rowersgraf toegegooi te word.
- Die Joodse wet besorg Jesus 'n eervolle begrafnis.
- Dit kon gebeur, want die lydensbeker van Jesus Christus is met sy sterwe klaar gedrink.

Die dood van Jesus is egter in die hand van sy vyande. Daarom moet die mense wat Jesus wil begrawe, eers sy liggaam gaan vra. Sy liggaam was die eiendom van sy vyande.

By ons gelowiges is dood en begrafnis 'n familiesaak. Die dooie behoort aan sy mense en hulle begrawe hom.

- Maar die Bybel skryf dat Jesus se graf by die goddeloses was, en dan word daarmee verwys na die feit dat die Romeine Jesus saam met die twee rowers wou gaan begrawe (en dan sekerlik ook die feit dat Jesus se liggaam wetlik hulle eiendom was).
- Dit is hoe fel die haat van die satan en sy mense teen die Gesalfde van God was.

Maar God laat ook nie die kwaad onbeperk toe nie. Daarom verydel God die res van die duiwel se werk.

- Dit is waarom Jesaja al kon skryf dat Jesus in sy dood by 'n ryke was!
- Van die kruisiging af beskik God nie meer smarte oor sy Seun nie. Die smaad is meteens verby.

'n Man van aansien onder die mense van Jerusalem gaan na Pilatus toe – Josef van Arimathea.

- Hy is 'n lid van die Joodse Raad en hy gaan vra die liggaam van die Seun van God. So kom Jesus in die hande van 'n ryke.
- Hierdie ryk man het juis 'n nuwe graf gereed.

Dit wat Jesus in hulle harte gesaai het met sy prediking, dra nou vrug. Die ryk man oorkom sy vrees, want Jesus se dood het sy hart verander.

- Hierdie Josef het die koninkryk van God verwag en hy het besef dat hy hom nie vir hierdie gekruisigde Jesus hoef te skaam nie, want hierdie Jesus het gepreek van die opstanding uit die dode.

Die liefde wat die eerste Christene so kenmerkend aan mekaar betoon het, word nou al hier deur Josef van Arimathea bewys.

- Hulle gaan haal die liggaam van Jesus van die kruis af.
 - 'n Fyn doodskleed is gereed.
 - Mirre is byderhand om mee te balsem.
 - 'n Eie graf word afgestaan.
 - Jesus se hoof wat stukkend gestee is deur die doringkroon, word toegewikkel in 'n doek.
 - Die rykste man in Jerusalem kon nie meer gee vir die begrafnis van sy eie seun nie.

Die gebeurtenis simboliseer dat die oue verbygegaan het en dat alles nuut geword het – soos die begrafnis en die graf van die Seun van God.

- 'n Erebegrafnis het plaasgevind om ons daarvan te verseker dat Jesus Christus waarlik gesterf het.
- Al hierdie dinge tydens die begrafnis pas natuurlik by die waardigheid van Jesus Christus, want Jesaja sê mos dat Hy geen onreg gedoen het nie, en geen bedrog in sy mond was nie.

Die kruisiging was nog deel van Jesus Christus se lyde, maar sy begrafnis nie meer nie.

- Dit was 'n bewys van sy onskuld, en hier het sy heerlikheid ook al begin deurbreek.
- Die begrafnis het al deur die profesie van Jesaja gepreek dat Jesus nie die oproermaker was wat die satan en sy volgelinge van Hom wou maak nie.
- Hulle het probeer voorgee dat Hy 'n man van bedrog en onreg was – die teenoorgestelde van ons teks.

Maar God preek die waarheid.

- Sy Seun kry 'n ryk begrafnis – die begrafnis van 'n regverdige!
- Sy onskuld word in sy begrafnis duidelik aan die mensdom verkondig.

2. Daardie begrafnis openbaar ons eie toekoms!

In die begrafnis is ook die werk van Christus vervat:

- Hy is die enigste Regverdige wat vir die onregverdiges gesterf het. Jesaja skryf dit ook baie duidelik:
 - Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, en ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel.

Die begrafnis van Jesus Christus was ook na die behoefte van sy volk.

- Die gelowiges het die werklike behoefte om te weet dat Christus sekerlik dood was.
- Ons moet weet dat Hy werklik gesterf het – so diep was sy ellendes oor ons sondes!

In die tuin van Josef van Arimathea was alles vol lewe – alles behalwe die liggaam in die nuwe graf.

- Maar in hierdie selfde tuin is daar ook die eerste aanslag op die dood gemaak.
- Die Seun van God het in hierdie tuin uit die nuwe graf uitgeloop, omdat Hy uit die dood teruggekom het na die lewe toe.
- Toe die vroue die oggend van die derde dag met speserye daar aankom om die liggaam te versorg, het die graf heeltemal anders gelyk: Die doek wat om sy kop gedraai was, was netjies opgevou. Die liggaam was weg!
- Jesus Christus het die dood oorwin. Hy het dit met soveel gemak gedoen dat Hy selfs genoeg tyd gehad het om sy graf netjies te maak voordat Hy dit verlaat het.
- Hy het sy doodsklere agtergelaat omdat Hy verheerlik uit die graf uitgegaan het.

So moet dit met ons ook wees.

- Ons moet lewe om in Jesus Christus te sterf.
- Ons moet ook in die graf die kleed van die wêreld agterlaat en verheerlik daaruit opstaan.
- Dit is die beloftes wat Jesus Christus aan ons agterlaat met sy begrafnis en opstanding.

Die begrafnis van Jesus Christus preek aan ons dat dit is hoe ver ons sondes Hom gedryf het – tot in die graf! Maar dit preek ook lewe aan ons!

- Jesus Christus het opgestaan – en net so sal ons opstaan!
- Hy gaan ons ook wakker maak en terugbring soos wat Hy opgestaan het.

In die begrafnis van Jesus Christus sien ons dat Hy nie vernietig is toe Hy ons skuld gedra het nie.

- Sy graf is leeg, want die dood is nie magtig genoeg om Hom daarin te hou nie.
- Hy het vir ons die sonde en die dood oorwin.
- Dit beteken dat die leë graf van Jesus Christus ook lewe vir ons preek. Net so sal Hy ons laat opstaan om in dieselfde ewigheid as Hy te wees.
- Die graf van Jesus praat dus nie van dood nie, maar van nuwe lewe!

Die preek is saamgevat in Kategismus Sondag 16:

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).

(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).

(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 49:6 (p. 249)

- 6 Maar ná die dood, dan rys die dag vir my. / God sal my red, Hy koop my siel dan vry.
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd, / neem my dan op in eewige heerlijkheid.
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei, / wanneer sy huis in waarde en weelde bloei;
want by die grens daar staan die dood, die wagter; / dié wys 'n graf, en – hy laat alles agter!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 17 Oktober 2004

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 20 Julie 2014